GEDRAGSKODE VIR PERSONEEL

Hiermee verklaar ek _____ die volgende:

1. Ek besef dat dit ‘n voorreg is om by Privaatskool Elnatan my onderwys-professie te beoefen. Daarom belowe ek:
   - Om my beste te lewer vir die skool
   - Om ten volle voorbereid te wees vir alle lesse
   - Om die skoolreëls toe te pas

2. Ek verwag die beste van leerlinge. Daarom gaan ek my beste vir my leerlinge gee deur:
   - Stiptelik te wees vir my klasse
   - Ten alle tye professioneel teenoor leerlinge op te tree
   - Altyd konsekwent op te tree
   - Altyd in ag te neem dat leerlinge verskil ten opsigte van vermoëns en begaafdheid en dat dit gereflekteer sal word in my onderrig en oordra van kennis en bemoeienis met leerlinge om sodoende seker te maak dat alle leerlinge die leerstof bemeester.

3. Privaatskool Elnatan het ‘n trotse naam en geskiedenis. Daarom onderneem ek:
   - Om ongeag waar ek is, so op te tree dat die skool se goeie naam nie skade ly nie.
   - Om ‘n voorbeeld te stel met my optrede binne en buite die skoolgronde
   - Om professioneel aanvaarbare kleredrag en voorkoms te handhaaf tydens werksure en op skooluitstappies en –toere.

4. Ek is ‘n individu en volwassene in eie reg. Daarom gaan ek:
   - My weerhou van enige negatiewe gedrag, kwaadpraat en skinderstories teenoor my kollegas, alle leerlinge en die ouers.
   - My kollegas te ondersteun en deel te wees van die Privaatskool Elnatan Span.
   - Ander se reg op regverdigheid, respek en sukses te erken.

5. Dissipline is die teelaarde van sukses. Ek ondersteun hierdie beginsel en onderneem om:

   - Konsekwent en billik te wees in die toepassing van dissipline
   - Nie uitsonderings te maak en sekere leerlinge te bevoordeel in die toepassing van dissipline nie
   - My te weerhou van impulsiewe optrede en straf in die hitte van die oomblik
   - Nie leerlinge se waardigheid te krenk of hulle te verneder voor ander nie.

6. Privaatskool Elnatan gee ‘n ereplek aan God en Sy Woord. As ‘n personeellid van hierdie skool strewe ek ook die Christelike lewensbeginsels na en lewe dit daagliks positief uit en onderneem ek om niks te doen wat hierdie grondslag van die skool weerspreek of skade berokken deur my optrede binne en buite die skool nie.